

Matteus 27:46: "My God, my God, waarom het U my verlaat?"

Kruiswoord IV

Inleiding:

Met hierdie woorde bevind ons ons op die diepste punt van ons geloof. Dit is egter nie maklik om die woorde te verduidelik of te verstaan nie. Daarom het die ou kerkvader Martin Luther na drie dae se meditasie oor die woorde gesê:

"Gott von Gott verlassen?
Wer kann das fassen?"

"God van God verlate? Hoe kan 'n mens dit ooit verstaan of verduidelik?"

Ons kan nie die Drie-eenheid skei nie, of die menslike en goddelik natuur van Jesus skei nie, en daarom kan ons hoogstens sê dat Jesus in sy menslike natuur van God verlate was, terwyl Hy die heelyd God gebly het (vgl. die leer van die hipostatiese eenheid).

Om die woorde enigins te verstaan moet ons op 'n paar punte Let:

- Jesus bid hier nie die intieme Aramese woord Abba ("Vader/Pappie") nie.
- Hy staan nie hier voor God as Sy geliefde seun nie, maar as veroordeelde sondaar.
- Maar hy sê nogsteeds "**My** God". Ten spyte van sy intense belewenis van pyn en seer hou hy aan "**My**" God vas.

Duisternis:

Die Bybel gebruik die begrip van duisternis baie simbolies en ook die getal drie. In ons skrifgedeelte word beide die begrippe aan mekaar verbind. Dit was vir 3 ure lank duister en teen 3 uur was die duisternis weg.

Tydens die 3 ure van uiterste duisternis het Jesus die diepste verlatenheid ooit beleef en vir ons almal die plaasvervangende prys kom betaal.

In Genesis lees ons dat die aarde heeltemal onbewoonbaar was en dit was donker en die waters was diep, maar die Gees van God het oor die waters gesweef. En toe sê God: "Laat daar lig wees!" En daar was lig.

God skep:

- "Ex nihilo" – ex – uit – nihilo – niks.
- Maar Hy skep ook deur sy Woord(e) – "creatio per verbo" – "create by word".
- En Hy skep ook juis uit chaos - "ordo ab chao" – hy kom skep orde uit chaos.

In ons teks sien ons juis hoe God uit chaos orde kom skep. Uit hierdie uiterste duisternis, onthou dit was op die helderste moment van die dag (12 uur) wat daar om 3 uur die middag 3 ure duisternis was. En juis op die spesifieke oomblik kom betaal Jesus die hoogste prys ooit sodat ons kan

leef. Uit chaos, duisternis kom skep Hy lewe en word Hy vir ons die Lig.

Sy fisiese toestand:

’n Persoon wat gekruisig sou word, moes sy eie kruis dra, maar Jesus was baie swak as gevolg van Sy geestelike konflik in Getsémané en Sy geseling deur die Romeinse soldate. Hulle het gewoonlik ’n sweep met drie toue waarin stukkie lood ingevleg was, gebruik. Die Joodse Wet het 40 houe toegelaat. So ’n geseling het die vleis uit die slagoffer se rug geskeur en geweldige pyn en bloedverlies tot gevolg gehad.

Toe Hy uiteindelik weggelei is na Golgota, was Hy so swak dat Hy Sy eie kruis nie kon dra nie. Die Romeinse soldate kommandeer toe sommer ’n toeskouer, Simon van Cirene wat pas by die skare aangesluit het, op om dit te dra.

As jy nie so naby aan God voel soos altyd nie. Raai wie het geskuif?

Toe hulle die kruin van die heuwel, bekend as Hoofskedel, bereik, het hulle Hom daar gekruisig. Gewoonlik is ’n houtkruis plat op die grond neergelê en die veroordeelde op sy rug daarop uitgestrek. Dik spykers, soos yster penne, is dan deur sy handpalms en voete in die hout ingedryf. Daarna is die kruis opgelig en die onderste deel daarvan in ’n gat in die grond laat insak. Sodoende het die gekruisigde dan aan die spykers gehang wat in sy vleis en been ingesny het. Om in so ’n posisie te hang, het dit ook baie moeilik gemaak om asem te haal.

Wat leer ons:

Okke Jager skryf: “As jy Maandag van die verbode vrugte geëet het soos Adam en Eva, as jy Dinsdag jou eie broer doodgeslaan het soos Kain, Woensdag jou eie pa bedrieg het soos Jakob, Donderdag ’n ander vrou geneem het soos Dawid, Vrydag die Here verloën het soos Petrus, Saterdag die gemeente van die Here vervolg het en goedgekeur het dat Stefanus gestenig word soos Paulus en dan op Sondag jou knieë voor die kruis op Golgota buig, sal daar nog vir jou vergifnis beskikbaar wees? ’n Duisend maal ja!”

Dalk moet ek en jy nie vra: “My God my God waarom het u my verlaat nie”, maar eerder “My God my God waarom het u my aangeneem?”.



Vrae:

1. Gesels oor die stelling: “If you are not as close to God as you used to be, who moved?”
2. Was daar ’n tyd in jou lewe wat jy verlate van God gevoel het? As jy wil deel dit met die groep.
3. Jesus vra vir God waarom. Dink jy ons mag ook met ons waarom vrae na God toe gaan?
4. Is jy dalk bewus van iemand wat van God verlate voel?
5. Lees saam Romeine 8:31-39
6. Bid saam vir mekaar se pyn en ook vir die wêreld se “verlatenheid”.